HOËRSKOOL RANDBURG
AKADEMIE • SPORT • KULTUUR

ALGEMENE OUEROMSENDBRIEF NOMMER 21 VAN 2021

7 Junie 2021

Hoërskool Randburg: Kovid-19 en die komende toetsreeks

Ons beleef tans 'n toename in Kovid-19-gevalle by die skool. Aangeheg sien u die laaste drie weke se syfers (tot en met Maandag, 7 Junie 2021). Daar is 'n beduidende toename in positiewe gevalle en leerders wat self-isoleer.

Vanaf 5 Februarie 2021 is daar nou reeds 27 gevalle van Kovid-19 by ons skool aangeteken. Ons het huidig agt aktiewe gevalle (een onderwyser en sewe leerders). Twee graad 9-leerders, drie graad 10-leerders en twee graad 12-leerders is tans **positief** en in isolasie by die huis.

30 Mense is in self-isolasie nadat hulle direkte blootstelling aan Kovid-19-positiewe gevalle (een onderwyser en 29 kinders) gehad het.

Ons poog om daagliks 'n patroon van infeksie en self-isolasie vas te stel, maar die plekke van blootstelling en infeksie is uiteenlopend. In die meeste positiewe gevalle is gesinne in geheel deur Kovid-19 geraak. Nog self-isolasies vind plaas waar leerders in kontak was met maats wat positief getoets het, en is oorwegend voorkomend van aard.

'n Ontleding van Maandag, 7 Junie se 29 Self-isolasiegevalle (leerders) lyk as volg:

1	Iemand by die huis is positief:	13
2	Wys simptome – wag op toetsuitslag	1
3	In kontak met maats wat siek is (nie Kovid-19+)	2
4	In kontak met ander leerder wat voorkomend isoleer	1
5	Geen antwoord op oproep nie	1
6	Was in kontak met 'n maat wat later positief getoets het	11

Om infeksie by die skool te bestuur, word die volgende gedoen.

1. Daaglikse skandering – elke oggend (leerders is al huis toe gestuur waarvan die temperature te hoog gemeet het).
2. Sanitasie – elke oggend voor skool, voor elke klas en in elke klaslokaal. Lokale word elke middag deur die terreinpersoneel gesaniteer.
3. Protokol om kleedkamers te gebruik: nie meer as twee persone, per keer, binne kleedkamers nie. Saniteer voor gebruik en hande was voor kleedkamer verlaat word.
4. Leerders dra te alle tye hulle maskers.
5. In klaslokale word 'n afstand van 1,5m tussen leerders gehandhaaf. Groter groepe word in die saal en LO-saal asook die klubhuis geakkommodeer om sosiale afstand te verseker.
6. Siek leerders met verkouesimptome bly tuis. (Dankie vir ouersamewerking in die verband. Tans is daar baie leerders afwesig wat siek is. Siektes wissel van maagaandoenings tot verkoue/griep en hier en daar 'n ander uitdaging).
7. Geen groot groepe word in beperkte ruimtes versamel nie – geen saalopeninge of graadbyeenkomste in beperkte ruimtes nie. Alle kommunikasie geskied via *WhatsApp* om byeenkomste te vermy.

8 Afwesighede en Kovid-19-positiewe gevalle asook self-isolasies word daagliks nagespeur en gevolg ten einde bronne en situasies te identifiseer waar moontlike infeksie sou kon plaasvind.
9 Tydens pouse is graadgroepe toegewys aan verskillende areas op die terrein om samedromming te voorkom.
10 Leerders word aangemoedig om nie kos en koeldranke te deel nie en ook tydens pouse hulle maskers te dra.

Ons bly bekommerd oor die leerders se sosiale bedrywighede na-ure. Partytjies kan eenvoudig nie nou plaasvind nie. Hier vra ons ouers en leerders se samewerking. Om oor te slaap by iemand anders se huis is ook tans onverantwoordelik. Leerders moet nou maar tuisbly totdat die infeksiekoers weer verlaag.

Formele summatiewe assessering:
Ons leerders het al die werk gedoen wat nodig is om nou 'n volledige toetsreeks te skryf. Ons jaarbeplanning laat dus toe dat ons nou kan fokus op assessering en beskou dit as 'n baie belangrike voorbereiding vir die November-eksamen. Vir graad 12 is hierdie ook 'n konsolideringsmoment om werk reeds gedoen, te formaliseer met intensionele leer en voorbereiding en dan ook die weergee daarvan onder gekontroleerde omstandighede. So word ons matrieks eksamenfiks ter voorbereiding van die Rekordeksamen volgende kwartaal en Eindeksamen in Oktober/November. Graad 10- tot 12-leerders begin volgende Maandag skryf en graad 8- en 9-leerders begin volgende Donderdag skryf. Graad 8 en 9 kom Maandag en Dinsdag skool toe, soos normaal en Woensdag is 'n vakansiedag.

Hiérdie week is verder baie belangrik vir finale voorbereiding voor die formele toetsreeks. Onderwysers fokus onwillekeurig op werk wat gevra gaan word en wat verwag word in elke vraestel. Leerders kan nie bekostig om hierdie kontaksessies te mis nie.

Ons skryf oor een week hierdie formele toetsreeks en pleit by ouers om leerders van nou af in 'n tipe vlak-5/4-inperking tuis te hou. Hulle mag net skool bywoon, leer en kom toets skryf en glad nie in hierdie tyd sosiaal verkeer nie. Dis 'n vier-week-periode van fokus en gerigte akademiese voorbereiding wat vir elke leerder van groot waarde sal wees. Ideaal hoop 'n mens dat die leerders gesond sal bly in hierdie tyd en daarom moet alles moontlik gedoen word om siekte-risiko's te beperk.

Vir die formele toetsreeks sal Kovid-19+-gevalle afwesig gemerk word met die Kovid-19-toetsuitslag wat dien as 'n mediese sertifikaat. Leerders wat self-isoleer moet kom toets skryf en 'n alternatiewe lokaal sal ingeruim word waar dié leerders sal kom skryf waarna hulle direk die terrein moet verlaat. Reëlings volg later die week.

Daarna volg 'n twee weke vakansie waarna ons hoop dat die nasionale verspreidingskoers van Kovid-19 weer begin daal.

Ons maak staat op almal se samewerking om die voorkoms van Kovid-19 so goed menslik moontlik te beperk. Kom ons tree pro-aktief op om leerders te beveilig van moontlike infeksie ten einde die formele toetsreeks so glad moontlik te laat verloop. Kom ons tree pro-aktief op om ons skool en sy gemeenskap te bly beskerm teen die hartseer gevolge wat hierdie virus kan veroorsaak.

Vriendelike groete.

P Booysen: Hoof

Hoërskool Randburg: Kovid-19-statistiek																
Dag		Ma	Di	Wo	Do	Vry	Ma	Di	Wo	Do	Vry	Ma	Di	Wo	Do	Vry	Ma
Maand		Mei					Mei					Mei/Junie					
Datum		17	18	19	20	21	24	25	26	27	28	31	1	2	3	4	7
Personeel	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 15 Februarie 2021	4	4	4	4	4	4	4	4	4	4	4	5	5	5	5	5
	Herstel van Kovid-19	2	2	2	2	2	3	3	3	3	4	4	4	4	4	4	4
	Netto Kovid-19-aktief by die skool	**2**	**2**	**2**	**2**	**2**	**1**	**1**	**1**	**1**	**0**	**0**	**1**	**1**	**1**	**1**	**1**
	Self isolasie in kontak met + geval	***1***	***1***	***1***	***0***	***0***	***0***	***0***	***0***	***0***	***0***	***0***	***1***	***3***	***3***	***3***	***1***
	Komorbiditeit afwesig (werk van die huis af)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Leerders	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 15 Februarie 2021	13	14	14	14	14	14	14	14	15	15	17	19	19	19	20	22
	Herstel van Kovid-19	10	11	11	13	13	13	13	13	13	13	14	14	14	14	14	15
	Netto Kovid-19-aktief by die skool	**3**	**3**	**3**	**1**	**1**	**1**	**1**	**1**	**2**	**2**	**3**	**5**	**5**	**5**	**6**	**7**
	Self isolasie in kontak met + geval	***6***	***3***	***3***	***6***	***6***	***4***	***5***	***9***	***15***	***19***	***14***	***23***	***18***	***19***	***18***	***29***
	Komorbiditeit afwesig (werk op Google Classroom)	1	1	2	1	1	1	3	1	1	1	1	1	2	1	2	2
TOAAL	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 15 Februarie 2021	17	18	18	18	18	18	18	18	19	19	21	24	24	24	25	27
	Herstel van Kovid-19	12	13	13	15	15	16	16	16	16	17	18	18	18	18	18	19
	Netto Kovid-19-aktief by die skool	**5**	**5**	**5**	**3**	**3**	**2**	**2**	**2**	**3**	**2**	**3**	**6**	**6**	**6**	**7**	**8**
	Self isolasie in kontak met + geval	***7***	***4***	***4***	***6***	***6***	***4***	***5***	***9***	***15***	***19***	***14***	***24***	***21***	***22***	***21***	***30***
	Komorbiditeit afwesig	1	1	2	1	1	1	3	1	1	1	1	1	2	1	2	2